Biblioteek

142/84

LL

Saak No. 144/1984

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPèLAFDELING

Insake die appèl van:

RICHARD SHONGWE — Appellant

en

DIE STAAT — Respondent

CORAM: RABIE, HR, VAN HEERDEN, AR et GALGUT, WAR

VERHOORDATUM: 26 NOVEMBER 1984

LEWERINGSDATUM: 29 NOVEMBER 1984

---

UITSPRAAK

---

/VAN HEERDEN, AR ...

VAN HEERDEN, AR:

Die appellant het op rondgang in die Transvaalse Provinsiale Afdeling tereggestaan op aanklagte van verkragting en roof met verswarende omstandighede waarop hy skuldig gepleit het. Na skuldigbevinding is hy op die aanklag van verkragting die doodvonnis opgelê. Met verlof van die verhoorregter (Curlewis, R) is sy appèl slegs teen dié vonnis gerig.

Dit blyk dat die klaagster, 'n blanke dame in haar dertigerjare, op 'n plaas in die distrik van Nelspruit woonagtig was. Omstreeks 12 nm. op 23 Mei 1983 het sy en haar vierjarige seuntjie vanaf die lande na die opstal teruggekeer. Terwyl haar seuntjie buite gespeel het, was sy in die kombuis doenig. Nadat sy die honde hoor blaf het, het sy die appellant in die binnehof van die huis aangetref. Hy het gesê

/dat ...

dat hy werk soek. Skielik het hy nader beweeg en haar gegryp. Sy het geskrik en gestoei waarop hy gesê het dat hy geld wou hê. In die huis het sy toe R40 plus kleingeld aan hom oorhandig. Hy het ook haar horlosie en 'n gordel geneem waarna hulle weer na buite is. Voor die kombuis het die appellant die klaagster se hande vasgebind en aangedui dat hy met haar gemeenskap wou hê. Sy het geweldig gestoei en hy het haar met die vuis op haar linkeroog geslaan. Daarna het hy haar tot in die kombuis gesleep en met geweld tot op die vloer gestamp. Omdat sy nie haar bene wou oopmaak nie, het hy haar op die reedsbeseerde oog geklap. Hy het ook gedreig om haar keel met 'n mes af te sny. Nadat die appellant die klaagster se broek afgeskeur het, het hy haar toe verkrag.

Die appellant het getuig dat hy die betrokke dag na die klaagster se huis gegaan het om werk te soek.

Terwyl hy die oggend by verskillende huise om 'n werkgeleentheid aangeklop het, het hy op 'n geleentheid 'n sigaret by 'n onbekende Swart man gekry en dit gerook. Dit het hom dronk laat voel en meegebring dat hy die misdade gepleeg het. Na verkryging van die reedsgenoemde bedrae en artikels het, soos hy dit stel, "die Satan toe gekom en vir my toe versoek om met haar [die klaagster] gemeenskap te hou sonder haar toestemming."

Die verhoorhof het bevind dat die appellant 'n onbevredigende getuie was en het sy suggestie dat hy onder die invloed van dagga was, verwerp. By vonnisoplegging het die verhoorregter bevind dat die appellant minstens vyf en twintig jaar oud was. Wat betref 'n vorige veroordeling vir verkragting in 1979 is die volgende gesê:

"His age is relevant to a consideration

/of ...

> of whether the death penalty should be imposed rather than any other form of imprisonment. His previous conviction for rape is not."

Indien die regter te kenne wou gee dat in geen verkragtingsaak 'n vorige veroordeling vir daardie misdaad in ag geneem moet word nie wanneer oor 'n gepaste vonnis - en veral die moontlikheid van die oplegging van die doodvonnis - besin word, kan ek nie akkoord gaan nie. Klaarblyklik kan so 'n veroordeling wel relevant wees. Ek keer later terug na die gewig wat in die onderhawige geval aan die appellant se vorige veroordeling toegeken behoort te word.

Die verhoorregter het voorts gesê dat indien hy die doodstraf sou oplê, hy dit nie sou doen nie vanweë 'n oordeel dat die appellant 'n bedreiging vir die gemeenskap was of vanweë die moontlikheid dat hy na uitdiening van gevangenisstraf weer sou verkrag nie.

/Hy ...

Hy het vervolgens gewys op die feit dat die klaagster 'n verfynde dame was; dat aansienlike geweld gebruik is, dat sy ten tyde van die verhoor nog soms 'n vreesgevoel ondervind het, en dat sy as't ware alleen in haar huis en sonder enige uitlokking aan haar kant oorweldig is. In laasgenoemde verband is gesê:

> "I know the terrible and the just anger of the community and its claim that its womenfolk should be protected in their homes against being savagely ravaged."

Die appellant se advokaat het betoog dat die verhoorregter in 'n aantal opsigte misgetas het en ek meen dat hy gelyk gegee moet word. In eerste instansie is by skuldigbevinding gesê dat die appellant nie na die klaagster se huis gegaan het met die doel om werk te soek nie maar wel om te roof en te verkrag indien dit moontlik was. Hierdie bevinding is nie gemotiveer nie en kom vir my onaanvaarbaar voor. Daar is niks

wat daarop dui dat die appellant vooraf geweet het dat die klaagster (en haar seuntjie) kort voor middagete alleen by die huis sou wees nie. En al sou hy ook die moontlikheid van roof in gedagte gehad het, kan nie bevind word dat hy ook vooraf verkragting oorweeg het nie. Trouens, die getuienis dui daarop dat, soos die appellant ook getuig het, hy eers na verkryging van die geld en artikels as't ware op die ingewing van die oomblik besluit het om die klaagster te verkrag.

Die genoemde bevinding is nie by vonnisoplegging herhaal nie maar het waarskynlik 'n invloed gehad op die verhoorregter se besluit om die doodstraf op te lê. Sekerlik is nie in die guns van die appellant in ag geneem dat hy waarskynlik of selfs moontlik impulsief opgetree het nie.

Tweedens het die verhoorregter 'n verkeerde

siening gehad van die mate van geweld wat aangewend is. Hy het naamlik gesê dat die appellant vir die klaagster herhaaldelik met die vuis op haar oog geslaan het, terwyl sy van slegs een vuishou melding maak. Alleenstaande sou hierdie onjuiste siening nie veel gewig kon dra nie, maar in samehang met die verkeerde bevinding oor die doel waarmee die appellant na die opstal gegaan het, is die mistastings na my mening van so 'n aard dat dit hierdie hof vrylaat om opnuut 'n gepaste vonnis te oorweeg.

Die feit dat die appellant die klaagster in haar huis oorweldig het, is sekerlik verswarend, maar in sigself regverdig dit nie die oplegging van die doodstraf nie. Wat die aard van die verkragting betref, is weliswaar aansienlike, maar nie buitengewone nie, geweld aangewend. Die klaagster se oogbesering het blykbaar redelik gou genees en behalwe vir die

/reedsgenoemde ...

reedsgenoemde vreesgevoel het die gebeure nie permanente of selfs langdurige psigiese letsels gelaat nie. Die klaagster sê dat die penetrasie "taamlik" seer was maar haar vrouedele het nie opsigtelike beserings getoon nie. Die geneesheer wat haar kort na die verkragting ondersoek het, getuig naamlik dat die klaagster geskok was maar dat haar vrouedele by ondersoek slegs matig pynlik was.

Selfs met inagneming van die feit dat die klaagster 'n verfynde, getroude dame was, kan ek nie bevind dat die misdaad in sigself so ernstig was dat die doodvonnis aangewese is nie. Ek vind dit trouens moeilik om te begryp waarom die verhoorregter die verkragting as 'n uiterste geval, of, anders gestel, besonder ernstig beskou het. Indien die appellant se vorige veroordeling buite rekening gelaat word - soos die verhoorregter gedoen het - en die onderhawige as

'n uiterste geval beskou moet word, sal daar seker nie veel verkragtingsake voor 'n provinsiale of plaaslike afdeling dien waarin die doodstraf nie aangewese is nie.

Dit bring my dan by die vorige veroordeling. Soos reeds genoem, het hy die betrokke daad gepleeg toe hy nog redelik jonk was. Dat dit nie in 'n besonder ernstige lig beskou is nie, blyk daaruit dat hy gevonnis is tot 7 houe met 'n ligte rottang. Indien dan in aanmerking geneem word dat die appellant nog nooit aan die remediërende effek van tronkstraf vir 'n geweldsmisdaad blootgestel is nie (vir sy enigste ander veroordeling vir diefstal is hy trouens die keuse van 'n boete gegee) en dat na uitdiening van 'n langtermyn tronkstraf wanneer die appellant heelwat ouer sal wees, sy drifte waarskynlik minder intens sal wees, meen ek dat 12 jaar gevangenisstraf die aangewese

vonnis is.

Ondanks aanwysings wat hierdie hof in die verlede gegee het, het die verhoorregter nie 'n vonnis op die roofklag opgelê nie maar beslis dat vonnisoplegging moes oorstaan. Dat dit in die reël die verhoorregter se plig is om 'n beskuldigde op elke klag te vonnis - ook al sou die doodstraf op 'n bepaalde klag opgelê word - word onderstreep deur die onnodige koste en vertraging wat 'n terugverwysing vir vonnisoplegging op die roofklag in hierdie geval sou meebring. Beide advokate was dit egter eens dat hierdie hof die nodige vonnis moet oplê, en aangesien die appellant reeds 'n geruime tyd in die dodesel deurgebring het, meen ek dat aan die advokate se standpunt gevolg gegee moet word.

Na my mening behoort die appellant tot 6 jaar gevangenisstraf op die roofklagte gevonnis te word.

/Weens ...

Weens die kumulatiewe effek van die twee vonnisse behoort 'n helfte van die termyn van 6 jaar samelopend met die vonnis op die aanklag van verkragting te wees.

Gevolglik slaag die appèl. Die doodvonnis opgelê deur die verhoorregter word tersyde gestel en deur die volgende vervang:

> "Die beskuldigde word gevonnis tot 6 jaar gevangenisstraf op die eerste klagte en tot 12 jaar gevangenisstraf op die tweede klagte. 'n Helfte van die termyn van 6 jaar sal samelopend met die straf op die tweede klagte wees."

H.J.O. VAN HEERDEN, AR

RABIE, HR

STEM SAAM

GALGUT, WAR